Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

EXTRARORDINARY BUITENGEWONE

THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Government Gazette

# Staatskoerant

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.] [Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

Price 10c Prys
Overseas 15c Oorsee
POST FREE—POSVRY

VOL. 24.] CAPE TOWN, 9TH JUNE, 1967. KAAPSTAD, 9 JUNIE 1967. [No. 1763

## DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 864.] [9th June, 1967.

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

PAGE

No. 79 of 1967: Water Amendment Act, 1967 .. 2

## DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 864.] [9 Junie 1967.

Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

BLADSY

No. 79 van 1967: Waterwysigingswet, 1967 .. .. 3

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 79, 1967.]

# ACT

**To amend the Water Act, 1956, so as to amend the definition of "use for urban purposes"; to insert a section 9A whereby the Minister of Water Affairs is authorized to control, regulate, limit or prohibit the impounding, storage, abstraction, supply or use of public water in times of water shortage or anticipated water shortage; to amend sections 21 and 62 of the said Act in order to make the contravention of a provision of a permit an offence; to amend sections 59 and 60 of the said Act so as to confirm rights acquired under permits issued in respect of certain Government Water Control Areas; and to provide for matters incidental thereto.**

*(English text signed by the Acting State President.)*
*(Assented to 7th June,* 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 54 of 1956, as amended by section 1 of Act 56 of 1961 and section 57 of Act 28 of 1966.

**1.** Section 1 of the Water Act, 1956 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "use for urban purposes" of the following definition:

"'use for urban purposes', in relation to water, means—

(*a*) use in any area under the jurisdiction of a local authority;

(*b*) use by the South African Bantu Trust constituted by section 4 of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), in respect of an area consisting of land referred to in section 21 (1) of that Act or a scheduled Bantu area as defined in that Act; and

(*c*) use by any Bantu authority, council, board or body approved by the Minister, in consultation with the Minister of Bantu Administration and Development, either generally or particularly by notice in the *Gazette*,

for purposes for which water is ordinarily used by a local authority or by the inhabitants of such an area, including use for domestic purposes or for the purpose of water-borne sanitation or for the watering of gardens, watering or cleaning of streets or for industrial purposes;".

Insertion of section 9A in Act 54 of 1956.

**2.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 9:

"Control, regulation, limitation or prohibition of impounding, storage, abstraction, supply or use of public water in certain circumstances.

**9A.** (1) Notwithstanding any provisions to the contrary in this Act or in any other law contained, and notwithstanding any right any person may have in respect of public water or the use thereof, the Minister may, whenever in his opinion a water shortage exists or is likely to arise, in his discretion from time to time by notice in the *Gazette* control, regulate, limit or prohibit, as he in the public interest may deem expedient and in the manner and subject to such conditions as he may think fit, the impounding, storage, abstraction, supply or use within any area specified in the notice (irrespective of whether that area consists of or is situated in an area which has been declared a Government water control area under section 59 (1) or includes such an

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 79, 1967.]

# WET

**Tot wysiging van die Waterwet, 1956, om die omskrywing van „gebruik vir stedelike doeleindes" te wysig; om 'n artikel 9A in te voeg waarby die Minister van Waterwese gemagtig word om die opdamming, opgaring, uitneem, voorsiening of gebruik van openbare water in tye van waternood of verwagte waternood te beheer, te reël, in te kort of te verbied; om artikels 21 en 62 van genoemde Wet te wysig ten einde die oortreding van 'n bepaling van 'n permit 'n misdryf te maak; om artikels 59 en 60 van genoemde Wet te wysig ten einde regte verkry uit hoofde van permitte uitgereik ten opsigte van sekere Staatswaterbeheergebiede te bekragtig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Engelse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 7 *Junie* 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 56 van 1961 en artikel 57 van Wet 28 van 1966.

**1.** Artikel 1 van die Waterwet, 1956 (hieronder die Hoofwet genoem) word hierby gewysig deur die omskrywing van „gebruik vir stedelike doeleindes" deur die volgende omskrywing te vervang:

„‚gebruik vir stedelike doeleindes', met betrekking tot water—

(*a*) gebruik in 'n gebied binne die regsbevoegdheid van 'n plaaslike bestuur;

(*b*) gebruik deur die Suid-Afrikaanse Bantoetrust ingestel deur artikel 4 van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), ten opsigte van 'n gebied bestaande uit grond in artikel 21 (1) van daardie Wet bedoel of 'n afgesonderde Bantoegebied soos in daardie Wet omskryf; en

(*c*) gebruik deur 'n Bantoe-owerheid, -raad, -bestuursraad of -liggaam wat die Minister, in oorleg met die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hetsy in die algemeen of in die besonder by kennisgewing in die *Staatskoerant*, goedkeur,

vir doeleindes waarvoor water gewoonlik deur 'n plaaslike bestuur of deur die inwoners van so 'n gebied gebruik word, en ook gebruik vir huishoudelike doeleindes of vir doeleindes van waterriolering of om tuine nat te maak of om strate nat of skoon te maak of vir nywerheidsdoeleindes;".

Invoeging van artikel 9A in Wet 54 van 1956.

**2.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 9 ingevoeg:

„Beheer, reëling of inkorting van of verbod op opdamming, opgaring, uitneem, voorsiening, of gebruik van openbare water in sekere omstandighede.

**9A.** (1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet of enige ander wet, en ondanks enige reg wat enigiemand ten opsigte van openbare water of die gebruik daarvan het, kan die Minister, waar daar volgens sy oordeel 'n waternood bestaan of waarskynlik sal ontstaan, na goeddunke van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* die opdamming, opgaring, uitneem, voorsiening of gebruik binne 'n gebied in die kennisgewing vermeld (ongeag of dié gebied bestaan uit of geleë is in 'n gebied wat kragtens artikel 59 (1) tot 'n Staatswaterbeheergebied verklaar is of so 'n gebied of 'n deel daarvan insluit al dan nie) van water uit enige openbare

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



area or a portion thereof or not) of water out of any public stream or natural channel for agricultural, urban or industrial purposes or specified agricultural, urban or industrial purposes.

(2) Any notice in terms of subsection (1) may be applicable in respect of a specified area or public stream or natural channel or any portion of such a stream or natural channel or in respect of two or more areas or public streams or natural channels or portions thereof, and may differentiate between different areas or public streams or natural channels or portions thereof or different periods of any year and may contain different provisions according to the times when and the places where water of a specified public stream or natural channel or portion thereof is or may be impounded or stored and the purposes for which such water is used or is intended to be used or in respect of the different persons or classes of persons to which such a notice relates.

(3) Any officer in the public service authorized thereto by the Minister or the Secretary may at any time enter upon any land and inspect and test water works and water-meters and carry out any other investigation which he may consider necessary for the purpose of establishing how much public water is abstracted, supplied or used on that land or of determining whether the provisions of a notice referred to in subsection (1) are being complied with.".

Amendment of section 21 of Act 54 of 1956, as amended by section 5 of Act 56 of 1961.

**3.** Section 21 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

"(8) Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this section or of any permit issued under subsection (5), shall be guilty of an offence.".

Amendment of section 59 of Act 54 of 1956, as amended by section 9 of Act 56 of 1961.

**4.** Section 59 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) (*a*) Any Government irrigation area defined under section 98 of the Irrigation and Conservation of Waters Act, 1912 (Act No. 8 of 1912), shall, as from the date of commencement of this Act, be deemed to have been declared a Government water control area under and for the purposes of subsection (1) (*a*) and (*b*) of this section, and any area declared under section 7*ter* of the firstmentioned Act to be a flood control area shall be deemed to have been declared a catchment control area under subsection (2) of this section.

(*b*) In like manner any area, or any extension of any Government water control area referred to in paragraph (*a*), which has since the said date of commencement by proclamation under subsection (1) been declared to be or to be part of a Government water control area, shall, as from the date of such proclamation, be deemed to have been so declared under and for the purposes of subsection (1) (*a*) and (*b*).".

Amendment of section 60 of Act 54 of 1956, as amended by section 1 of Act 75 of 1957, section 10 of Act 56 of 1961 and section 1 of Act 71 of 1965.

**5.** Section 60 of the principal Act is hereby amended by the addition to subsection (3) of the following paragraph:

"(*d*) The amount of compensation payable to any person under this section, or under any other law, shall be determined with due regard to the quantities of water to which such person may be entitled by virtue of the provisions of section 62 (1) or 63, or by virtue of a permit issued under section 62 (2).".

Amendment of section 62 of Act 54 of 1956, as amended by section 11 of Act 56 of 1961, and section 3 of Act 11 of 1966.

**6.** Section 62 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) Any person who abstracts, impounds or stores water contained in or flowing in a natural channel or a public stream, in contravention of any provision of this section or of a permit issued under subsection (1) or (2), or who constructs, alters or enlarges a water work without

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



stroom of natuurlike bedding vir landbou-, stedelike of nywerheidsdoeleindes of bepaalde landbou-, stedelike of nywerheidsdoeleindes beheer, reël, inkort of verbied soos hy in die openbare belang raadsaam ag en wel op die wyse en onderworpe aan die voorwaardes wat hy goedvind.

(2) 'n Kennisgewing ingevolge subartikel (1) kan ten opsigte van 'n bepaalde gebied of openbare stroom of natuurlike bedding of 'n deel van so 'n stroom of natuurlike bedding of ten opsigte van twee of meer gebiede of openbare strome of natuurlike beddings of dele daarvan van toepassing wees, en kan onderskeid maak tussen verskillende gebiede of openbare strome of natuurlike beddings of dele daarvan of tussen verskillende tydperke van 'n jaar en kan verskillende bepalings bevat na gelang van die tye wanneer en die plekke waar water van 'n bepaalde openbare stroom of natuurlike bedding of deel daarvan opgedam of opgegaar word of mag word en die doeleindes waarvoor sodanige water gebruik word of bestem is om gebruik te word of ten opsigte van die verskillende persone of klasse persone op wie so 'n kennisgewing betrekking het.

(3) 'n Beampte in die Staatsdiens wat deur die Minister of die Sekretaris daartoe gemagtig is, kan te eniger tyd grond betree en waterwerke en -meters inspekteer en toets en enige ander ondersoek instel wat hy nodig ag ten einde vas te stel hoeveel openbare water op daardie grond uitgeneem, voorsien of gebruik word of te bepaal of daar aan die voorskrifte van 'n in subartikel (1) bedoelde kennisgewing voldoen word.".

Wysiging van Artikel 21 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 56 van 1961.

**3.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:

„(8) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel of van 'n ingevolge subartikel (5) uitgereikte permit oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.".

Wysiging van artikel 59 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 56 van 1961.

**4.** Artikel 59 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) (*a*) 'n Kragtens artikel 98 van die ‚Besproeiings- en Waterbewarings Wet, 1912' (Wet No. 8 van 1912), omskrewe Staatsbesproeiingsgebied word, vanaf die datum van die inwerkingtreding van hierdie Wet, geag kragtens en vir die doeleindes van subartikel (1) (*a*) en (*b*) van hierdie artikel tot 'n Staatswaterbeheergebied verklaar te gewees het, en 'n gebied wat kragtens artikel 7*ter* van eersgenoemde Wet tot 'n vloedbeheergebied verklaar is, word geag kragtens subartikel (2) van hierdie artikel tot 'n opvangbeheergebied verklaar te gewees het.

(*b*) Insgelyks word 'n gebied, of 'n uitbreiding van 'n in paragraaf (*a*) bedoelde Staatswaterbeheergebied, wat sedert genoemde datum van inwerkingtreding by proklamasie kragtens subartikel (1) tot 'n Staatswaterbeheergebied of tot deel van so 'n gebied verklaar is, geag, vanaf die datum van daardie proklamasie, aldus verklaar te gewees het kragtens en vir die doeleindes van subartikel (1) (*a*) en (*b*).".

Wysiging van artikel 60 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 75 van 1957, artikel 10 van Wet 56 van 1961 en artikel 1 van Wet 71 van 1965.

**5.** Artikel 60 van die Hoofwet word hierby gewysig deur by subartikel (3) die volgende paragraaf te voeg:

„(*d*) Die bedrag aan vergoeding wat kragtens hierdie artikel, of kragtens enige ander wet, aan 'n persoon betaalbaar is, word bepaal met behoorlike inagneming van die hoeveelhede water waarop bedoelde persoon geregtig is uit hoofde van die bepalings van artikel 62 (1) of 63, of uit hoofde van 'n permit uitgereik kragtens artikel 62 (2).".

Wysiging van artikel 62 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 56 van 1961 en artikel 3 van Wet 11 van 1966.

**6.** Artikel 62 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

„(7) Iemand wat in stryd met 'n bepaling van hierdie artikel of van 'n ingevolge subartikel (1) of (2) uitgereikte permit water wat in 'n natuurlike bedding of 'n openbare stroom bevat is of vloei, uitneem, opdam of opgaar, of 'n waterwerk sonder 'n ingevolge subartikel (2) uitgereikte

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



a permit issued under subsection (2) or otherwise than in accordance with the conditions specified in such a permit, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed by subsection (1) of section 170.".

Amendment of section 170 of Act 54 of 1956, as amended by section 5 of Act 63 of 1963.

**7.** Section 170 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*b*) interferes with, or alters the flow of the water contained in or flowing in or from a water work, or interferes with, or alters the flow of the water of a public stream, or interferes with the distribution of any such water, or takes water in excess of the quantity he is entitled to take or at a time when he is not entitled to do so, or impounds, stores, abstracts, supplies or uses water contrary to the provisions of a notice published in the *Gazette* in terms of section 9A or uses water in a manner or for a purpose contrary to this Act or regulations made thereunder or such a notice;".

Short title.

**8.** This Act shall be called the Water Amendment Act, 1967.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



permit of anders as ooreenkomstig die voorwaardes uiteengesit in so 'n permit bou, verander of vergroot, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe in subartikel (1) van artikel 170 voorgeskryf.".

Wysiging van artikel 170 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 63 van 1963.

**7.** Artikel 170 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*b*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) hom bemoei met die water wat in 'n waterwerk bevat is of daarin of daaruit vloei of die vloei daarvan verander, of hom met die water van 'n openbare stroom bemoei of die vloei daarvan verander, of hom met die distribusie van sodanige water bemoei, of water neem in groter hoeveelhede as wat hy geregtig is om te neem of op 'n tydstip wanneer hy nie geregtig is om dit te doen nie, of water in stryd met die bepalings van 'n kennisgewing ingevolge artikel 9A gepubliseer in die *Staatskoerant*, opdam, opgaar, uitneem, voorsien of gebruik, of water gebruik op 'n wyse of vir 'n doel wat met hierdie Wet of daarkragtens uitgevaardigde regulasies of so 'n kennisgewing in stryd is;".

Kort titel.

**8.** Hierdie Wet heet die Waterwysigingswet, 1967.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



## CONTENTS.

**Department of the Prime Minister.**

GOVERNMENT NOTICE.


| No. | | PAGE |
|---|---|---|
| 864 | Act No. 79 of 1967: Water Amendment Act, 1967 | 2 |


## INHOUD.

**Departement van die Eerste Minister.**

GOEWERMENTSKENNISGEWING.


| No. | | BLADSY |
|---|---|---|
| 864 | Wet No. 79 van 1967: Waterwysigingswet, 1967 | 3 |


PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LIMITED, CAPE TOWN—B402.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP EN TRANSVAAL DRUKKERS BEPERK, KAAPSTAD—B402.